______________________________________________________________________________

# Magalies Foto Fun Club – Grondwet

## 1. Klubnaam

Die naam van die vereniging is Magalies Foto Fun Club (MFFC), hierna verwys as “die Klub” of “MFFC”.

## 2. Doelstellings

Die Klub beywer hom vir die aktiewe bevordering van fotografie en streef daarna om belangstelling te wek in alle aspekte van die fotografiese kuns.

Dit word bereik deur:

- Byeenkomste wat onderwerpe dek soos tegnieke, styl en tematiese benaderings;
- Opleidingsessies, werkswinkels en demonstrasies oor relevante fotografiese toerusting en sagteware;
- Uitstallings en wedstryde wat kreatiwiteit aanmoedig; en
- Enige ander aktiwiteite wat deur die bestuur as voordelig geag word vir die groei en betrokkenheid van lede.

## 3. Hoofkantoor

Die Klub se geregistreerde hoofkantoor is in Pretoria, maar kan verander word na ’n ander plek soos besluit deur lede tydens ’n behoorlik gekonstitueerde Algemene Jaarvergadering (AJV).

## 4. Voertaal

Die amptelike voertale van MFFC is **Afrikaans en Engels**.  Beide tale mag gebruik word in kommunikasie, dokumentasie en by funksies.

## 5. Lidmaatskap

### 5.1 Toelatingsvereistes

- Enige individu wat die bepalings van die Grondwet en Huishoudelike Reëls onderskryf, is geregtig op volle lidmaatskap.
- Aansoeke moet elektronies geskied via die MFFC-webwerf en www.photovaultonline.com.

### 5.2 Lidmaatskapkategorieë

Die bestuur mag, met inagneming van gepubliseerde riglyne, die volgende toekennings maak:

- Gewone Lidmaatskap; en
- Erelidmaatskap. (Erelidmaatskap beteken nie noodwendig kwytsel van lede geld nie)

### 5.3 Administratiewe Proses

- Die PhotoVault Administrateur aanvaar nuwe lede op die stelsel ná konsultasie met die bestuur.
- Die Tesourier reik ’n faktuur uit vir toetrede en relevante ledegeld. Die ledegeld is betaalbaar binne een kalender maand.
- Die bestuur behou die reg om lidmaatskap te weier of uit te stel sonder verduideliking, en die Sekretaris moet die aansoeker in kennis stel van die besluit.

### 5.4 Beëindiging van Lidmaatskap

Lidmaatskap verval indien:

- ’n Lid sy/haar bedanking skriftelik indien;
- ‘n Lid se fooie meer as drie maande agterstallig is; of
- Die bestuur bevind dat ’n lid se gedrag strydig is met die Klub se waardes, Grondwet of fotografiese etiek.

## 6. Finansies

### 6.1 Fooibepaling

Lidmaatskapfooie en enige addisionele kostes word deur die bestuur bepaal en van tyd tot tyd hersien en moet goedgekeur word op die AJV.

### 6.2 Finansiële Jaar

Die boekjaar van MFFC strek van **1 Julie tot 30 Junie** van die daaropvolgende jaar.

### 6.3 Rekordhouding & Verslagdoening

- Die Tesourier hou ’n volledige staat van inkomste, uitgawes en transaksies.
- Gereelde finansiële state word tydens bestuursvergaderings voorgehou.
- Op versoek van drie of meer lede moet die finansieele rekords tydens die daaropvolgende bestuursvergadering beskikbaar wees vir insae.
- ’n Geverifieërde finansiële verslag soos gekeur deur die MFFC komitee moet tydens die AJV voorgelê word.

### 6.4 Banksake & Regspersone

- Die bestuur bepaal waar en hoe banksake gedoen word ten beste van MFFC se belang.
- Die Voorsitter se huisadres mag gebruik word vir administratiewe bankdoeleindes.
- Die tesourier doen elektroniese betalings soos deur die MFFC komitee goedgekeur

# 7. Bestuursliggaam

## 7.1 Verkiesbare Ampte

Die Klub word bestuur deur ’n verkose komitee bestaande uit:

- Voorsitter;
- Ondervoorsitter;
- Sekretaris;
- Tesourier; en
- PhotoVault Administrateur.

## 7.2 Herverkiesbaarheid & Meervoudige Rolle

- Lede mag meer as een amp beklee, mits die komitee uit ten minste drie lede bestaan.
- Alle komiteelede tree jaarliks uit, maar mag herkies word.

## 7.3 Gekoöpteerde Lede

- Addisionele lede word binne een maand ná AJV gekoöpteer.
- Gekoöpteerde lede het stemreg en mag komiteevergaderings bywoon.

## 7.4 Vakatures

- Indien 'n amp vakant word, word ’n Spesiale AJV belê vir verkiesing van ’n plaasvervanger.

## 7.5 Besluitneming

- ’n Kworum vir komiteevergaderings is 50% teenwoordigheid.
- Die Voorsitter het ’n beslissende stem indien daar ’n gelykopstemming is.

## 7.6 Huishoudelike Reëls

Die komitee mag riglyne opstel en wysig wat o.a. dek:

- Lidmaatskapvereistes;
- Toekennings en graderings;
- Klubkompetisies; en
- Posbeskrywings en -definisies.

# 8. Vergaderings

## 8.1 Klubbyeenkomste

Daar sal ‘n minimum van elf klubbyeenkomste per jaar gehou word waartydens foto’s ingeskryf, beoordeel en bespreek sal word

### 8.2 Algemene Jaarvergadering (AJV)

- Gehou in Augustus.
- Agenda sluit in: finansiële verslag, voorsittersverslag, verkiesings.
- Kworum: 25% van opbetaalde lede.
- Indien geen kworum teenwoordig is nie, word die vergadering uitgestel.
- Verkiesing geskied per stembrief, tensy anders besluit.

### 8.3 Spesiale AJV

- Mag aangevra word deur:
    - Minstens vier komiteelede; of
    - 40% van opbetaalde lede.
- Aansoek moet redes verskaf.
- Kennis moet minstens 10 dae vooraf uitgestuur word aan alle lede.
- Selfde kworumvereistes as AJV.

## 9. Wysiging van Grondwet

- Slegs moontlik via ’n mosie aanvaar tydens die AJV of Spesiale AJV.
- Lede ontvang minstens 10 dae voor die vergadering ’n kennisgewing van voorgestelde veranderinge.

## 10. Ontbinding van MFFC

In die geval van ontbinding:

- Sal alle skulde eers vereffen word; en
- Oorblywende fondse en bates sal aan PSSA oorgedra word.

## 11. Goedkeuring van Hierdie Grondwet

Formeel aanvaar op **18 Augustus 2022** te Pretoria, tydens ’n behoorlik gekonstitueerde Algemene Jaarvergadering.

Hierdie dokument vervang alle vorige grondwette van MFFC.